20 Maart 2020

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir Brasilië en Argentinië

Pariteite
Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
-Fokus op Afrika: Kenia

Plaaslike landbou
In- en uitvoer van mielies

Wisselkoers
Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Nuus
Nasionale- en Internasionale nuus

Prys-risikobestuur
Lang verkoopopsie-strategie (“Long put option strategy”)

PLAASLIKE

WEER



Veertien-dae weervooruitsig:

Droë toestande kan oor die meeste dele van Suid-Afrika verwag word. Die gebrek aan neerslag sal opbrengste, veral in die oostelike dele van die land negatief affekteer.

Tien-dae weervooruitsig: Brasilië

In die suidelike dele van die land word minimale tot geen reënval voorspel nie. Die dele is reeds baie droog en sojaboon-produksie word nadelig geraak.



INTERNASIONALE

WEER

Tien-dae weervooruitsig: Argentinië

Droë toestande sal verwelkom word in gebiede waar die oesproses tans goed verloop.

Die droogte kan egter 'n negatiewe impak hê op die huidige sojaboon-aanplantings wat tans in die peulvormingsfase is.



RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Oos-Vrystaat

Dorp	Maart 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Maart 2018/19	Maart 2017/18
Bethlehem	35	360	72	145
Frankfort	49	595	74	309
Harrismith	47	437	48	108
Heilbron	545	591	69	178
Kroonstad	73	445	90	161
Marquard	33	318	104	152
Senekal	73	355	61	95
Theunissen	60	355	50	110
Ventersburg	53	461	69	118
Vrede	8	332	0	94

Wes-Vrystaat

Dorp	Maart 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Maart 2018/19	Maart 2017/18
Allanridge	40	559	73	97
Bloemfontein	61	390	63	45
Bothaville	135	564	80	58
Bultfontein	84	397	48	89
De Brug	68	410	40	37
Losdoorns	81	589	56	74
Orkney	122	625	83	66
Viljoenskroon	83	497	171	58
Welkom	73	479	82	37
Wesselsbron	79	533	53	77

RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Mpumalanga

Dorp	Maart 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Maart 2018/19	Maart 2017/18
Amersfoort	16	344	168	93
Balfour	48	292	129	72
Bethal	11	357	95	84
Carolina	28	324	59	26
Delmas	40	605	118	61
Ermelo	20	670	94	98
Greylingstad	57	571	95	111
Hendrina	21	793	185	60
Middelburg	9	664	227	138
Morgenzon	88	639	228	22
Standerton	17	429	152	130
Wonderfontein	17	545	242	88

Noordwes

Dorp	Maart 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Maart 2018/19	Maart 2017/18
Bloemhof	85	460	99	63
Delareyville	127	564	11	98
Derby	47	421	64	115
Klerksdorp	147	769	104	64
Lichtenburg	87	437	79	178
Ottosdal	80	259	31	100
Potchefstroom	102	676	115	65
Regina	131	559	78	51
Sannieshof	15	271	10	19
Schweizer-Reneke	66	510	5	130
Ventersdorp	77	531	130	139

RANDAGRI

INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	Apr-20	Mei-20	Jul-20	Sep-20
PMB-invoerpariteit	R3 555	R3 511	R3 516	R3 408
Kaap-invoerpariteit	R3 350	R3 342	R3 244	R3 128
SAFEX geelmielies	R2 690	R2 690	R2 606	R2 658
Uitvoerpariteit	R2 630	R2 634	R2 571	R2 561

INTERNASIONALE

LANDBOU

FOKUS: Kenia

Mielies:

- ‘n Sprinkaanplaag het omvattende skade veroorsaak en weiding is grootliks vernietig. Dit sal die invoer van mielies vir dierevoedsel noodsaak.
- Daar is steeds ‘n groot risiko dat die sprinkane verdere skade aan nuwe mielie aanplantings, wat teen April aangeplant sal word, kan aanrig.
- Die vraag na mieliemeel bly konstant, hoewel plaasvervangende graan nou geoes en verwerk word.
- Weens lae voorrade kan daar verwag word dat mielies vanaf Mei – Junie ingevoer sal moet word.

PLAASLIKE

LANDBOU

Witmielies

- Uitvoer = 857 147 t
- Vorige week = 40 339 t
- Invoer = 0 t

Geelmielies

- Uitvoer = 343 355 t
- Vorige week = 10 889 t
- Invoer = 477 671 t
- Vorige week = 0 t



WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Op Woensdag 18 Maart het die rand tot die laagste vlak sedert Januarie 2016 gedaal, toe dit teen meer as R17 teen die Amerikaanse dollar verhandel het. Die ongekende laagtepunt kan hoofsaaklik toegeskryf word aan onsekerheid en onstabiliteit in wêreldmarkte weens die wêreldwye verspreiding van die Covid19-virus uit China en die gevolglike versterking van die Amerikaanse geldeenheid.

Die Reserwebank se besluit om rentekoerse met 100 basispunte te verlaag, sal aan verbruikers effense verligting bied, maar wel negatief vir bellegers.

Volgens aanduidings in die tegniese analise, kan die rand op die kort termyn verder verswak en oor die lang termyn selfs tot so laag as R21 teenoor die dollar daal.

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUS

Reënval en produksietoestande

In die grootste dele van die somerreënvalgebiede is goeie reënval tydens Februarie en die eerste helfte van Maart aangeteken. Dit was egter nie oral die geval nie, veral in die ooste van die land. Hier het produksietoestande verswak vanaf verwagte rekordoeste na gemiddelde en self onder-gemiddelde opbrengste.

Volgens mnr. Johan van den Berg is die kanse vir goeie reënval vir die res van Maart egter baie goed, wat gevolglik die kans op ryp tot einde April kan vertraag.

Lees meer by:
https://www.netwerk24.com/landbou/Nuus/nog-goeie-somerreen-voor-die-winter-verwag-20200317

Mening:
Swakker produksietoestande in sekere areas sal ondersteuning aan plaaslike graanpryse bied. Verdere reënval in Maart sal opbrengste ondersteun en derhalwe enige winste op die mark beperk.

Sojaboonproduskie in Brasilië afwaarts aangepas

Warm, droë weer in die suide van Brasilië, veral in die staat van Rio Grande do Sul, plaas die sojaboonproduksie onder hewige druk.

Volgens die nuutste produksieskattings kan die produksie van 16,9 miljoen ton moontlik met 3,6 miljoen ton afneem. Indien daar nie binnekort goeie reëns val nie, sal produksie selfs nog verder verlaag tot ‘n totale oesverwagting van slegs 10 miljoen ton.

Die verliese kan dalk wel tot ‘n mate getemper word deur potensiële rekord-sojaboonoeste in die noorde en noord-ooste van Brasilië.

Lees meer by:
http://www.soybeansandcorn.com/news/Mar17_20-Soybean-Estimates-Continue-to-Decline-in-Rio-Grande-do-Sul

Mening:
'n Kleiner Brasiliaanse sojaboonoes sal wêreldpryse opwaarts ondersteun .

Suid-Afrikaanse geldeenheid onder hewige druk.

Vanaf Woensdag 18 Maart het die rand teen ‘n rekord-laagtepunt teenoor die Amerikaanse dollar verhandel toe dit deur die vlak van R17 gebreek het.

Die verswakking is hoofsaaklik toe te skryf aan die versterking van die VSA dollar in reaksie op die heersende volatiliteit in wêreldmarkte as gevolg van onsekerheid weens die Covid19-virus. Die VSA word steeds deur die mark as ‘n veilige hawe in ontstuimige waters beskou.

Daarteenoor is die pas-aangekondigde verlaging in plaaslike rentekoerse ‘n negatiewe aanduiding vir beleggers wat gevolglik hul fondse uit die Suid-Afrikaanse mark onttrek.

Lees meer by:
https://www.fin24.com/Markets/Currencies/rand-crashes-through-r17-20200318

Mening:
'n Laer rentekoers sal belegging in Suid-Afrika minder aantreklik vir internasionale markte maak en sal die rand dus verder onder druk plaas.

OPSOMMING

- Droë weer word vir die volgende twee weke vir Suid-Afrika in die vooruitsig gestel. Dit kan produksie veral in die oostelike dele van die land onder druk plaas en sodoende prysondersteuning bied.
- Geelmielies op SAFEX verhandel tans teen uitvoerpariteit wat beteken dat Suid-Afrika nou goedkoop genoeg is vir uitvoere na die buiteland.
- Die Suid Afrikaanse rand vaar baie sleg teenoor die Amerikaanse dollar wat gevolglik prysvlakke op SAFEX ondersteun.

PRYS

RISIKOBESTUUR



Wat is ‘n lang verkoopopsie (“put opsie”)?
Die koper van 'n verkoopopsie koop die reg om voor die vervaldatum ‘n lang verkoopopsie teen ‘n vasgestelde trefprys (“strike price”) uit te oefen. Om die opsie te koop, betaal die koper ‘n premie.

Wanneer is die beste tyd om ‘n lang koopopsie-strategie uit te oefen?
Die beste tyd om ‘n koopopsie uit te oefen, is wanneer die koper van ‘n koopopsie glo die graanprys het ‘n hoogtepunt bereik, en verwag dat die markprys oor die lang termyn sal daal. Die koper sal dus geld verdien indien die graanprys laer as die vasgestelde trefprys verhandel.

Wat as die graanprys op vervaldag hoër as die vasgestelde trefprys sluit?
Indien die graanprys egter hoër as die trefprys is, verbeur die opsiekoper die premie waarteen die verkoopopsie aangekoop is.

Strategiekoste
Die koste van die verkoopopsie is afhanklik van die vlak waarteen die opsie aangekoop is.

Voorbeeld
Indien **koper A** sy graan teen ‘n trefprys van R2 460/t vasmaak en die verkoopopsie aankoop teen ’n premie van R155/t, en die graanprys daal tot R2 200/t, sal die koper geld maak deur die verkoopopsie uit te oefen.

Die koper maak dan ‘n wins van R260/t (R2 460-R2 200=R260/t) wanneer hy sy koopopsie uitoefen. Na aftrekking van die R155/t premie is die nettowins R 105/t (R260 - R155= R 105/t).

Sou die trefpys hoër wees as die koopopsie van R155/t, byvoorbeed R2 300/t, sal die lang koopopsie verval en die enigste koste vir die koper sal die koopopsiepremie van R155/t wees.

Bulk Grain Trade and Supply
Safeguarding Prosperity
in Southern Africa
Servicing the agricultural commodity trade and grain processing communities with pride, since 2002.
Sourced, exported and delivered - directly to you.
A trusted expert on the JSE (Safex), specialising in hedging services.
Proudly delivering quality raw materials to millers and processors.
Wheat
White Maize
Yellow Maize
Sunflower Seeds
Sunflower Oil Cakes
(vegetable protein)
Soya Bean
Soya Bean Oil Cakes
(vegetable protein)
Our grains are promptly delivered to our clients' doorsteps for refining and processing.
Contact us today on +27 (0)13 243 1166 or visit www.randagri.co.za
RANDAGRI

KONTAK ONS

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: 24 Samora Machelstraat,
Middelburg, Mpumalanga